

## HOOFSTUK 11: ERKENNING VAN BESONDERE PRESTASIES

### 1. INLEIDING

*Die Voortrekkers* vereer jeuglede, volwasse lede, nie-lede, skole, organisasies of besighede met medaljes, penninge en toekennings vir besondere diens aan *Die Voortrekkers* of die Suid-Afrikaanse gemeenskap indien daar aan die vereistes van die betrokke toekenning voldoen word.

### 2. WYSE WAAROP BESONDERE PRESTASIES ERKEN WORD

- 2.1 Alle bestuursliggame van *Die Voortrekkers* moet gereeld maar ten minste een (1) keer per jaar seker maak of daar nie aansoek gedoen moet word vir enige vorm van toekenning aan lede of nie-lede deur *Die Voortrekkers* nie.
- 2.2 'n Betrokke bestuursliggaam van *Die Voortrekkers* moet toesien dat die nodige inligting behoorlik gedokumenteer word in die aansoek en dit voorlê aan die verantwoordelike bestuursliggaam wat die aansoek moet hanteer. Die korrekte aansoekvorm moet te alle tye gebruik word en is op die webwerf van *Die Voortrekkers* beskikbaar. Dit is die sekretaris van die betrokke bestuursliggaam, wat die toekenning oorweeg, se plig om toe te sien dat die aansoek korrek en volledig is en inligting geverifieer is voordat dit aan die betrokke bestuursliggaam voorgelê word.
- 2.3 Toekennings moet met sorg oorweeg word omrede 'n toekenning wat reeds ten volle afgehandel is en dus aan die persoon of instansie deur die betrokke bestuursliggaam oorhandig is, nie teruggetrek kan word nie.
- 2.4 'n Lid van *Die Voortrekkers* word slegs vereer indien hy geregistreer is en sy ledegeld betaal is.
- 2.5 Die betrokke bestuursliggaam wat 'n toekenning maak, kan 'n toekenning opskort indien daar vóór die oorhandiging daarvan feite aan die lig kom wat aandui dat:
  - a) Alle paslike feite nie beskikbaar was vir oorweging nie.
  - b) Die persoon se gedrag sodanig blyk te wees dat dit *Die Voortrekkers* nie tot eer strek om sodanige toekenning te maak nie.
- 2.6 Met die oorweging van 'n aansoek om 'n toekenning moet die betrokke bestuursliggaam slegs een van die volgende keuses maak: Aanvaar of Terugverwys.

### 3. DEKORASIE VIR BUITENGEWONE DIENS OP NASIONALE VLAK

- 3.1 Dekorasie vir Buitengewone Diens op Nasionale vlak word deur die Hoofbestuur toegeken aan 'n volwasse lid van enige rang of amp wat 'n buitengewone bydrae gelewer het aan *Die Voortrekkers* in die algemeen en aan die volgende vereistes voldoen:
  - a) Geregistreerde opbetaalde lid van *Die Voortrekkers* is.
  - b) Aktiewe meelewende lid van 'n Voortrekkerkommando is.
  - c) Die buitengewone bydrae word in hierdie sin gemeet aan die kreatiwiteit, vindingrykheid, sigbaarheid, bruikbaarheid en/of buitengewone aard daarvan vir *Die Voortrekkers*.
  - d) Die bydrae kan ook 'n volgehoue en toegewyde diens oor 'n lang periode insluit.
  - e) Die bydrae(s) moet Voortrekkergerig wees.
  - f) Die bevordering van die beeld van *Die Voortrekkers* in sy gemeenskap om 'n positiewe gesindheid jeens *Die Voortrekkers* te bewerkstellig.
- 3.2 Bestuursliggame op oord- en kommandovlak stuur 'n aansoek na die gebiedsdagbestuur vir aanbeveling en oorweging deur die Gebiedsbestuur. Gebiedsdagbesture en gebiedsbesture kan ook uit eie beweging gemotiveerde aansoek vir toekenning aan Gebiedsbestuur voorhou.
- 3.3 Die Gebiedsekskretaris moet sorg dra dat die aansoek korrek en volledig is voor voorlegging aan Gebiedsbestuur en na goedkeuring word dit deurgestuur aan Hoofseksretaris.
- 3.4 Hoofdagbestuur of Hoofbestuur kan ook uit eie beweging 'n gemotiveerde aansoek vir toekenning aan Hoofbestuur voorhou.

- 3.5 Die Hoofsekretaris moet sorg dra dat alle aansoeke korrek en volledig is voor voorlegging aan Hoofbestuur.
- 3.5 Vir die toekenning van die dekorasie word daar per geslote stembrief gestem en die dekorasie word toegeken wanneer minstens twee derdes van die aanwesige lede van die Hoofbestuur ten gunste van die toekenning stem.
- 3.6 Die oorhandiging van die dekorasie en 'n oorkonde geskied tydens 'n funksie wat vir dié doel deur die Hoofdagbestuur of die betrokke Gebiedsdagbestuur gereël word op koste van die Hoofbestuur.

#### **4. MEDALJE VIR BESONDERE DIENS OP NASIONALE VLAK**

- 4.1 Medalje vir Besondere Diens op Nasionale vlak word deur Hoofbestuur toegeken aan 'n volwasse lid wat sy diens op Nasionale vlak met besondere toewyding verrig en aan die volgende vereistes voldoen:
- a) Geregistreerde opbetaalde lid van *Die Voortrekkers* is.
  - b) Ten minste vier (4) jaar diens op Nasionale vlak gelewer het.
  - c) Aktiewe meelewende lid van 'n Voortrekkerkommando is.
  - d) Meelewend op gebiedsvlak is.
  - e) Die doen van take meer as die normale in die uitvoering van sy pligte in nasionale komitees, taakgroepe en ander nasionale opdragte.
  - f) Die bevordering van die beeld van *Die Voortrekkers* in sy gemeenskap om 'n positiewe gesindheid jeens *Die Voortrekkers* te bewerkstellig.
- 4.2 Aansoek om toekenning van die medalje word deur Hoofbestuur oorweeg vir goedkeuring nadat 'n aansoek van Hoofbestuur uit eie beweging of Hoofdagbestuur of 'n Gebiedsbestuur ontvang is.
- 4.3 Die Gebiedsekretaris moet sorg dra dat die aansoek korrek en volledig is voor voorlegging aan Gebiedsbestuur en na goedkeuring word dit deurgestuur aan Hoofsekretaris.
- 4.4 Die Hoofsekretaris moet sorg dra dat die aansoek korrek en volledig is voor voorlegging aan Hoofbestuur.
- 4.5 Nadat 'n volwasse lid vir vier (4) jaar diens op nasionale vlak gelewer het, moet die Hoofdagbestuur oorweeg of die bepaalde offisier in aanmerking kom vir die toekenning. Indien hy in aanmerking kom, moet die Hoofdagbestuur dit by die Hoofbestuur aanbeveel. Indien hy nog nie na vier (4) jaar diens kwalifiseer nie, moet die Hoofdagbestuur hom elke jaar weer vir aanbeveling oorweeg vir solank as wat hy diens op nasionale vlak lewer.
- 4.6 Indien 'n volwasse lid vir 'n periode van tien (10) jaar na die eerste toekenning steeds aan die vereistes van die toekenning voldoen kan die toekenning 'n tweede keer toegeken word volgens dieselfde prosedures wat reeds hier omskryf is, en mits hy reeds die Medalje besondere diens – Gebiedsvlak (voorheen Silwer genoem) en Gemeenskapsvlak (voorheen Brons genoem) ontvang het.
- 4.7 Vir die toekenning van die medalje word daar per geslote stembrief gestem en die medalje word toegeken wanneer minstens twee derdes van die aanwesige lede van die Hoofbestuur ten gunste van die toekenning stem.
- 4.8 Die oorhandiging van die medalje en 'n oorkonde geskied tydens 'n funksie wat vir dié doel deur die Hoofdagbestuur of die betrokke Gebiedsdagbestuur gereël word op koste van die Hoofbestuur.

#### **5. MEDALJE VIR BESONDERE DIENS OP GEBIEDSVLAK**

- 5.1 Medalje vir Besondere Diens op Gebiedsvlak word deur 'n Gebiedsbestuur toegeken aan 'n volwasse lid wat sy diens op gebiedsvlak met besondere toewyding verrig en aan die volgende vereistes voldoen:
- a) Geregistreerde opbetaalde lid van *Die Voortrekkers* is.
  - b) Ten minste vier (4) jaar diens op gebiedsvlak gelewer het.
  - c) Aktiewe meelewende lid van 'n Voortrekkerkommando is.
  - d) Die doen van take meer as die normale in die uitvoering van sy pligte op gebiedsvlak deur met besondere toewyding, organisering, opleiding en spesifieke

- take, tydens een of meer gebiedskampe/aktiwiteite uitgevoer het.
- e) Die bevordering van die beeld van *Die Voortrekkers* in sy gemeenskap om 'n positiewe gesindheid jeens *Die Voortrekkers* te bewerkstellig.
- 5.2 Aansoek om toekenning van medalje word deur die Gebiedsbestuur oorweeg vir goedkeuring nadat 'n aansoek van die Gebiedsbestuur uit eie beweging of Gebiedsdagbestuur of Gebiedskampbestuur of Oordbestuur of Kommandobestuur ontvang is.
- 5.3 Die betrokke Gebiedsektaris moet sorg dra dat die aansoek korrek en volledig is voor voorlegging aan gebiedsbestuur.
- 5.4 Nadat 'n volwasse lid vir vier (4) jaar diens op gebiedsvlak gelewer het, moet die gebiedsdagbestuur oorweeg of die bepaalde lid in aanmerking kom vir die toekenning. Indien hy in aanmerking kom, moet die Gebiedsdagbestuur dit by die Gebiedsbestuur aanbeveel. Indien hy nog nie na vier (4) jaar diens kwalifiseer nie, moet die Gebiedsdagbestuur hom elke jaar weer vir aanbeveling oorweeg solank as wat hy diens op gebiedsvlak lewer.
- 5.6 Indien 'n volwasse lid vir 'n periode van tien (10) jaar na die eerste toekenning steeds aan die vereistes van hierdie toekenning voldoen kan die toekenning 'n tweede keer toegeken word volgens dieselfde prosedures wat reeds hier omskryf is en mits hy reeds die Medalje besondere diens – Gemeenskapsvlak (voorheen Brons genoem) ontvang het.
- 5.7 Vir die toekenning van die medalje word daar aan die hand van 'n gemotiveerde aansoek per geslote stembrief gestem en die medalje word toegeken wanneer minstens twee derdes van die aanwesige lede van die gebiedsbestuur ten gunste van die toekenning stem.
- 5.8 Die oorhandiging van die medalje en 'n oorkonde geskied tydens 'n funksie wat vir dié doel deur, en op koste van die betrokke bestuursliggaam wat die aansoek ingedien het, gereël word.

## **6. MEDALJE VIR BESONDERE DIENS OP GEMEENSKAPSVLAK**

- 6.1 Medalje vir besondere diens op Gemeenskapsvlak word deur 'n oordbestuur toegeken aan 'n volwasse lid wat sy diens in die gemeenskap met besondere toewyding verrig en aan die volgende vereistes voldoen:
- Geregistreeerde opbetaalde lid van *Die Voortrekkers* is.
  - Ten minste vier (4) jaar diens op kommandovlak gelewer het.
  - Aktiewe meelewende lid van 'n voortrekkerkommando is en wat volhoubare goeie diens lewer.
  - Ten minste die spanhanteringskursus en/of die Voortrekkerbestuurskursus deurloop het.
  - Ten minste 'n gebiedskamp/oordaktiwiteit/GGN/GGA ten volle bygewoon het.
  - Die doen van take, meer as die normale, in die uitvoering van sy pligte deur met besondere toewyding sy span en ander take binne die kommando te verrig.
  - Die bevordering van die beeld van *Die Voortrekkers* in sy gemeenskap om 'n positiewe gesindheid jeens *Die Voortrekkers* te bewerkstellig.
- 6.2 Die Kommandodagbestuur stel die motivering op en lê aan kommandobestuur voor vir aanbeveling na die oordbestuur. Die Kommandosektaris moet sorg dra dat die aansoek korrek en volledig is vir voorlegging aan kommandobestuur.
- 6.3 Aansoek om toekenning van medalje word deur die Oordbestuur oorweeg op grond van 'n aansoek wat van oordbestuur uit eie beweging of Oorddagbestuur of 'n Kommandobestuur ontvang is.
- 6.4 Die Oordsektaris moet toesien dat die aansoek korrek en volledig is voor voorlegging aan Oordbestuur.
- 6.5 Nadat 'n lid vir vier (4) aaneenlopende jare diens op kommandovlak gelewer het, moet die Kommandodagbestuur oorweeg of die bepaalde lid in aanmerking kom vir die toekenning. Indien hy in aanmerking kom, moet die Kommandodagbestuur dit aan die Kommandobestuur voorhou en na goedkeuring na die Oordbestuur aanbeveel. Indien hy nog nie na vier (4) jaar diens kwalifiseer nie, moet die Kommandobestuur hom elke

- jaar weer vir aanbeveling oorweeg solank as wat die lid diens op kommandovlak lewer.
- 6.6 Indien 'n volwasse lid vir 'n periode van tien (10) jaar na die eerste toekenning steeds aan die vereistes van hierdie toekenning voldoen kan die toekenning 'n tweede keer toegeken word, volgens dieselfde prosedures wat reeds hier omskryf word.
- 6.7 Vir die toekenning van die medalje word daar aan die hand van 'n gemotiveerde aansoek per geslote stembriefie gestem en die medalje word toegeken wanneer minstens twee derdes van die aanwesige lede van die betrokke Oordbestuur ten gunste van die toekenning stem.
- 6.8 Die oorhandiging van die medalje en 'n oorkonde geskied tydens 'n funksie wat vir dié doel deur en op koste van die betrokke Kommandobestuur gereël word.

## **7. MEDALJE VIR BESONDERE DIENS OP STAATMAKERVLAKE**

- 7.1 Medalje vir besondere diens op Staatmakervlak word deur Hoofdagbestuur toegeken aan enige Staatmaker wat 'n besondere bydrae gelewer het aan die Staatmakers in die algemeen en aan die volgende vereistes voldoen:
- a) Minimum vier (4) jaar diens aan die Staatmakers op enige vlak.
  - b) Doen van take meer as die normale in die uitvoering van sy pligte, gemeet aan kreatiwiteit, vindingrykheid, die sigbaarheid en bruikbaarheid van die bydrae en die buitengewone aard daarvan.
  - c) Bydrae moet Staatmaker gerig wees.
  - d) Bevordering van die beeld van die Staatmakers in die oord en/of gebied en/of nasionaal.
- 7.2 Die toekenning word deur die Nasionale Staatmakerraad oorweeg op grond van 'n behoorlike gemotiveerde aansoek uit eie beweging of van 'n bestuursliggaam van *Die Voortrekkers*.
- 7.3 Die sekretaris van Nasionale Staatmakerraad moet toesien dat aansoek korrek en volledig is voor voorlegging aan Nasionale Staatmakerraad.
- 7.4 Vir oorweging van die aansoek word daar per geslote stembriefie gestem en aansoek word net aan Hoofdagbestuur deurgegee wanneer twee derde van lede ten gunste van die toekenning stem.
- 7.5 Die medalje word deur Hoofdagbestuur toegeken indien van oordeel dat daar aan al die vereistes voldoen word en minstens twee derde van die Hoofdagbestuur ten gunste van die toekenning stem.
- 7.6 Die oorhandiging geskied tydens 'n funksie wat vir dié doel deur en op koste van *Die Voortrekkers* van die betrokke bestuursliggaam gereël word.

## **8. PENNING VIR UITSTAANDE JEUGDIENS OP NASIONALE VLAKE**

- 8.1 Penning vir uitstaande jeugdiens op Nasionale vlak word deur die hoofbestuur toegeken aan 'n lid wat nie voortrekkerdrag dra nie of aan 'n persoon of instansie wat uitstaande diens aan *Die Voortrekkers* vir minstens vier (4) jaar gelewer het. Sodanige diens moet op 'n vlak wees waar *Die Voortrekkers* in sy breë verband gedien word en moet meer wees as wat normaalweg van hom verwag kan word.
- 8.2 Dit gebeur soms dat 'n oudlede van *Die Voortrekkers* om een of ander rede nie met 'n medalje vereer is vir voortrekkerdiens op hoofbestuursvlak solank as wat hy lid was nie. Die toekenning van die Penning vir uitstaande jeugdiens - Nasionalevlak (Voorheen Goud genoem) kan oorweeg word aan 'n persoon wat voor sy uitrede as lid ten minste vier (4) jaar aaneenlopende diens op landwyse vlak voltooi het.
- 8.3 Daarbenewens kan die toekenning van die Penning vir uitstaande jeugdiens - Nasionalevlak (Voorheen Goud genoem) ook oorweeg word aan 'n lid wat nie voortrekkerdrag dra nie of 'n persoon of instansie wat vir minstens vier (4) jaar uitstaande diens aan die Afrikaanse kultuur op nasionale vlak verrig het.
- 8.4 Die aansoek om penning word deur die hoofbestuur oorweeg op grond van 'n aansoek van Hoofbestuur uit eie beweging of Hoofdagbestuur of 'n Gebiedsbestuur. Bestuursliggame op oord- en kommandovlak stuur 'n gemotiveerde aansoek na die Gebiedsdagbestuur vir oorweging deur die Gebiedsbestuur.

- 8.5 Die Gebiedsekretaris moet sorg dra dat die aansoek korrek en volledig is voor voorlegging aan Gebiedsbestuur en na goedkeuring word dit deurgestuur aan Hoofsekretaris.
- 8.6 Die Hoofsekretaris moet sorg dra dat die aansoek korrek en volledig is voor voorlegging aan hoofbestuur.
- 8.7 Vir die toekenning van die penning word daar per geslote stembrief gestem en die penning word toegeken wanneer minstens twee derdes van die aanwesige lede van die Hoofbestuur ten gunste van die toekenning stem.
- 8.8 Die Hoofbestuur kan op grond van die aansoek, indien hy so oordeel, dalk die Penning vir uitstaande jeugdiens – Gemeenskapvlak (voorheen brons genoem) of Gebiedsvlak (voorheen Silwer genoem) toeken.
- 8.9 Die oorhandiging van die penning en 'n oorkonde geskied tydens 'n funksie wat vir dié doel deur die Hoofdagbestuur of die betrokke Gebiedsdagbestuur gereël word op koste van die Hoofbestuur.

## **9. PENNING VIR UITSTAANDE JEUGDIENS OP GEBIEDSVLAK**

- 9.1 Penning vir uitstaande jeugdiens op gebiedsvlak word deur 'n Gebiedsbestuur toegeken aan 'n lid wat nie voortrekkerdrag dra nie of aan 'n persoon of instansie wat uitstaande diens aan *Die Voortrekkers* op gebiedsvlak vir minstens vier (4) jaar gelewer het.
- 9.2 Dit gebeur soms dat 'n oudlid van *Die Voortrekkers* om een of ander rede nie met 'n medalje vereer is vir voortrekkerdiens op gebiedsvlak solank as wat hy lid was nie. Die toekenning van die Penning vir uitstaande jeugdiens - Gebiedsvlak (Voorheen Silwer genoem) kan oorweeg word aan 'n persoon wat voor sy uitrede as offisier ten minste vier (4) jaar aaneenlopende diens op gebiedsvlak voltooi het.
- 9.3 Daarbenewens kan die toekenning van die Penning vir uitstaande jeugdiens - Gebiedsvlak (voorheen Silwer genoem) ook oorweeg word aan 'n lid wat nie voortrekkerdrag dra nie of 'n persoon of instansie wat vir minstens vier (4) jaar uitstaande diens aan die Afrikaanse kultuur op provinsiale vlak verrig het.
- 9.4 Die aansoek om die Penning word deur die Gebiedsbestuur oorweeg op grond van 'n aansoek van Gebiedsbestuur uit eie beweging of Gebiedsdagbestuur of Oordbestuur of Gebiedskampbestuur of Kommandobestuur in die betrokke gebied ontvang is.
- 9.5 Die Gebiedsekretaris moet sorg dra dat die aansoek korrek en volledig is voor voorlegging aan Gebiedsbestuur.
- 9.6 Vir die toekenning van die Penning word daar per geslote stembrief gestem en die penning word toegeken wanneer minstens twee derdes van die aanwesige lede van die Gebiedsbestuur ten gunste van die toekenning stem.
- 9.7 In die geval van 'n aansoek deur 'n ander liggaam kan die Gebiedsbestuur op grond van die motivering, indien hy so oordeel, dalk die Penning vir uitstaande jeugdiens – Gemeenskapvlak (Voorheen Brons genoem) toeken of selfs aanbeveling vir Penning vir uitstaande jeugdiens – Nasionalevlak (voorheen Goud genoem) na Hoofbestuur stuur.
- 9.8 Die oorhandiging van die penning en 'n oorkonde geskied tydens 'n funksie wat vir dié doel deur en op koste van die betrokke dagbestuur of ander liggaam gereël word.

## **10. PENNING VIR UITSTAANDE JEUGDIENS OP GEMEENSKAPSVLAK**

- 10.1 Penning vir uitstaande jeugdiens op Gemeenskapvlak word deur Hoofbestuur of 'n Gebiedsbestuur of Oordbestuur toegeken aan 'n lid wat nie voortrekkerdrag dra nie of aan 'n persoon of instansie wat betekenisvolle diens aan *Die Voortrekkers* in die plaaslike gemeenskap vir minstens vier (4) jaar gelewer het.
- 10.2 Dit gebeur soms dat 'n oudlid van *Die Voortrekkers* om een of ander rede nie met 'n medalje vereer is vir Voortrekkerdiens op kommandovlak solank as wat hy lid was nie. Die toekenning van die penning vir uitstaande jeugdiens - Gemeenskapvlak (voorheen Brons genoem) kan oorweeg word aan 'n persoon wat voor sy uitrede as offisier ten minste vier (4) jaar ononderbroke diens op kommandovlak voltooi het.

- 10.3 Daarbenewens kan die toekenning van die penning vir uitstaande jeugdiens – Gemeenskapvlak (voorheen Brons genoem) ook oorweeg word aan 'n lid wat nie voortrekkerdrag dra nie of 'n persoon of instansie wat vir minstens vier (4) jaar uitstaande diens aan die Afrikaanse kultuur in die plaaslike gemeenskap verrig het.
- 10.4 Die penning word deur Hoofbestuur of die Gebiedsbestuur of Oordbestuur uit eie beweging of op grond van 'n aansoek van 'n Kommandobestuur, wat die betrokke bestuur in staat stel om 'n oordeel te vorm, toegeken. In die geval van 'n aansoek deur 'n Kommando- of Oordbestuur kan die gebiedsbestuur op grond van die motivering, indien hy so oordeel, die penning vir uitstaande jeugdiens - Gebiedsvlak (voorheen Silwer genoem) toeken.
- 10.5 Vir die toekenning van die penning word daar per geslote stembrief gestem en die penning word toegeken wanneer minstens twee derdes van die aanwesige lede van die Gebiedsbestuur of die Oordbestuur ten gunste van die toekenning stem.
- 10.6 Die oorhandiging van die penning en 'n oorkonde geskied tydens 'n funksie wat vir dié doel deur en op koste van die betrokke Kommandodagbestuur gereël word.

## **11. TOEKENNING VIR DAPPERHEID (REDDINGSBOEI)**

- 11.1 Die toekenning vir dapperheid (reddingsboei) word deur die Hoofbestuur toegeken aan enige lid van *Die Voortrekkers* wat 'n daad van buitengewone dapperheid verrig het.
- 11.2 Die reddingsboei word deur die hoofbestuur op grond van 'n behoorlik gemotiveerde aansoek deur Hoofbestuur uit eie beweging of 'n Gebiedsbestuur toegeken. Bestuursliggame op oord- en kommandovlak stuur die aansoek na die Gebiedsdagbestuur vir oorweging deur die Gebiedsbestuur.
- 11.3 Die sekretaris van die betrokke bestuursliggame, wat die toekenning oorweeg, moet sorg dra dat die aansoek korrek en volledig is en inligting geverifieer is voordat dit aan die betrokke bestuursliggame voorgelê word.
- 11.4 Vir die toekenning van die reddingsboei word daar per geslote stembrief gestem en die reddingsboei word toegeken wanneer minstens twee derdes van die aanwesige lede van die Hoofbestuur ten gunste van die toekenning stem.
- 11.5 Die oorhandiging van die kenteken en 'n oorkonde geskied tydens 'n funksie wat vir dié doel deur Hoofdagbestuur of die betrokke Gebiedsdagbestuur gereël word op koste van die Hoofbestuur.

## **12. TOEKENNING VAN DIE VOORTREKKERVRIEND**

- 12.1 Die Toekenning van die Voortrekkervriend word gedoen aan 'n lid wat nie formele voortrekkerdrag dra nie of aan 'n persoon of instansie wat vir enige periode betekenisvolle diens aan *Die Voortrekkers* gelewer het.
- 12.2 Die Toekenning van die Voortrekkervriend word deur die volgende bestuursliggame gedoen:
  - 12.2.1 Vir diens op kommandovlak: Oordbestuur of Gebiedsbestuur;
  - 12.2.2 Vir diens op streek-/oordvlak: Oordbestuur of Gebiedsbestuur;
  - 12.2.3 Vir diens op gebiedsvlak: Gebiedsbestuur;
  - 12.2.4 Vir diens op nasionale vlak: Hoofbestuur.
- 12.3 Die goedkeuring van die toekenning kan aan die dagbestuur van die betrokke bestuursliggame gedelegeer word.
- 12.4 Die oorhandiging van die toekenning geskied tydens 'n funksie wat vir dié doel deur en op koste van die betrokke bestuursliggame wat die aansoek ingedien het en gaan gepaard met die oorhandiging van 'n oorkonde en 'n erepenning aan die betrokke persoon.

## **13. PENNING VIR UITSTAANDE LEIERSKAP OP NASIONALE VLAK**

- 13.1 *Die Voortrekkers* gee met die Penning vir Uitstaande Leierskap op Nasionale vlak erkenning aan uitstaande leierskap van 'n student/leerling op kultuurgebied op nasionale vlak. 'n Prestasie in enige aspek van die Afrikanerkultuur kan vereer word.
- 13.2 Die Hoofbestuur doen die toekenning.

13.3 'n Oorkonde word saam met die penning beskikbaar gestel.

**14. PENNING VIR UITSTAANDE LEIERSKAP OP GEBIEDSVLAK**

14.1 *Die Voortrekkers* gee met die Penning vir Uitstaande Leierskap op Gebiedsvlak erkenning aan uitstaande leierskap van 'n student/leerling op kultuurgebied op gebiedsvlak. 'n Prestasie in enige aspek van die Afrikanerkultuur kan vereer word.

14.2 Die betrokke Gebiedsbestuur doen die toekenning.

14.3 'n Oorkonde word saam met die penning beskikbaar gestel.

**15. PENNING VIR UITSTAANDE LEIERSKAP OP GEMEENSKAPSVLAK**

15.1 'n Voortrekkerkommando stel 'n Penning vir Uitstaande Leierskap op Gemeenskapsvlak aan opvoedkundige inrigtings beskikbaar vir toekenning aan studente/leerlinge wat as leiers op plaaslike kultuurgebied presteer. 'n Prestasie in enige aspek van die Afrikaner-kultuur kan vereer word.

15.2 'n Riglyn word aan die betrokke opvoedkundige inrigting vir evaluering beskikbaar gestel.

15.3 Die betrokke Kommando vra die penning by die Gebiedsdagbestuur aan en rapporteer aan wie en wanneer die toekenning gedoen is.

15.4 'n Oorkonde word saam met die penning beskikbaar gestel.